| | |
|---|---|
| Rapporteerbaar: | Ja / N |
| Sirkuleer onder Regters: | **Ja** / |
| Sirkuleer onder Landdroste: | Ja / N |
| Sirkuleer onder Streeklanddroste: | Ja / Nee |

# IN DIE HOË HOF VAN SUID-AFRIKA
## (Noord-Kaapse Hoë Hof, Kimberley)

Saak No: CA & R 50/2012
Aangehoor: 28/10/2013
Gelewer: 01/11/2013

In die saak tussen:

WILLIAMS, JOHN THABISHO — Appellant

en

Die Staat — Respondent

Coram: Williams R et Olivier R

## UITSPRAAK

**Olivier R:**

**[1]** Die appellant, mnr John Thabisho Williams, en mnr W D Fish ("*beskuldigde 2*") het in die Streekhof tereggestaan op aanklagte van onsedelike aanranding (aanklag 1) en verkragting (aanklag 2) op dieselfde klaagster. Hulle het op beide aanklagte onskuldig gepleit.

**[2]** Die appellant het geen pleitverduideliking verstrek nie.

**[3]** Beskuldigde 2 het ter verduideliking van sy pleite ontken dat hy die klaagster onsedelik aangerand of verkrag het. Hy het aangevoer dat hy die appellant en die klaagster agtergelaat het by 'n drinkplek, terwyl die appellant besig was om die klaagster aan te rand en te beskuldig daarvan dat sy 'n hangertjie van hom sou gevat het. Hy het later die appellant by laasgemelde se huis gevind. Daar het hulle gekuier en gesels. Daarna is beskuldigde 2 na sy eie huis om te gaan slaap.

**[4]** Die appellant en beskuldigde 2 is op beide aanklagte skuldig bevind. Die aanklagte is saamgeneem vir doeleindes van vonnis en beide van hulle is gevonnis tot lewenslange gevangenisstraf.

**[5]** Die appellant kom nou in hoër beroep teen sy skuldigbevindings en vonnis. Hy is skuldig bevind en gevonnis voor die wysiging van Artikel 309(1)(a) van die Strafproseswet[1] en het daarom weens die vonnis van lewenslange gevangenisstraf outomaties verlof tot appèl teen sy skuldigbevindings en vonnis[2].

**[6]** Die klaagster se weergawe was kortliks dat sy en vriendinne die betrokke middag by die kuierplek was. Die appellant en beskuldigde 2 was ook op 'n stadium daar, maar hulle is op 'n latere stadium daar weg. Toe sy vandaar geloop het na die karavaan waarin haar kêrel mnr Sicele Mguye gewoon het en op haar gewag het, is sy in die veld voorgekeer deur beskuldigde 2. Toe sy hom gevra het wat hy daar doen, het hy die geantwoord nie. Die appellant het toe ook tevoorskyn gekom . Die appellant het haar toe aan die bors gegryp. Daarna het hulle haar neergegooi en hulle het toe beide met haar gemeenskap gehou terwyl sy op haar sy gelê het, die appellant van vooraf en vaginaal en beskuldigde 2 van agteraf en anaal. Tussendeur het hulle haar herhaaldelik geslaan en het die appellant haar gebyt ook. Daar is ook sand in haar mond gestop om te voorkom dat sy skree.

**[7]** Hulle het haar op 'n stadium op haar versoek om te gaan urineer, gelos. Sy het toe weggehardloop, maar hulle het haar weer gevang.

**[8]** Beskuldigde 2 het haar toe weer verkrag. Die appellant het 'n groot klip opgetel. Hy wou dit op haar kop gooi, maar beskuldigde 2 het hom gekeer.

**[9]** Sy is toe weer gelos om te gaan urineer. Sy het toe weer weggehardloop en geskree in die hoop dat Mguye haar sal hoor. Dit

---

[1] 51 van 1977

[2] **S v Chake**, 'n tot nog toe ongerapporteerde uitspraak van die Hoogste Hof van Appèl op 30 September 2013 onder saakno 205/13 (Opgeneem in SAFFLI onder die verwysing [2013] ZASCA 141) en **S v Alam** 2011 (2) SACR 553 (WCC).

het gebeur en toe Mguye aankom, het die appellant en beskuldigde 2 gevlug. Dit wat betref die klaagster se weergawe.

**[10]** Dit het in kruisverhoor van die klaagster aan die lig gekom dat die appellant se saak was dat hy saam met die klaagster vanaf die drinkplek beweeg het omdat hulle ’n afspraak gehad het om met mekaar gemeenskap te gaan hou. Daar in die veld, en dus op die toneel waarna die klaagster ook maar verwys het, het beskuldigde 2 toe egter opgedaag en die appellant geskop. Toe die appellant daarna weer tot sy sinne gekom het, het hy gevind dat beskuldigde 2 besig was om die klaagster te verkrag. Toe sy pogings om beskuldigde 2 te keer misluk, is die appellant volgens hom daar weg.

**[11]** Dat die klaagster daar in die veld aangerand en verkrag is, was dus nie op die appellant se weergawe in geskil nie. Wat in geskil was, was of hy daarby betrokke was.

**[12]** Dat die bevindinge van die dokter wat die klaagster later ondersoek het, klop met haar beskrywing van hoe sy aangerand en verkrag is, neem dus nie die saak teen die appellant werklik veel verder nie.

**[13]** Aan die ander kant kan daar ook eintlik geen sprake van wees dat die identiteit van die appellant as ’n persoon wat daar in die veld in die klaagster se teenwoordigheid was, in geskil was nie. Hy het homself met sy eie weergawe op daardie toneel geplaas. Dit is nie asof die appellant se weergawe, byvoorbeeld, was dat hy die klaagster in die veld alleen gelaat het voordat sy aangeval is nie, wat die moontlikheid dalk sou oopgelaat het dat sy toe foutiewelik een van haar twee aanvallers daarna aangesien het as die appellant. Die appellant se weergawe het hom reg by die klaagster geplaas op die oomblik van die aanval op haar deur twee persone.

**[14]** Op die appellant se weergawe sou die klaagster hom blatant valslik moes betrek het in ’n valse verhaal dat sy nie net deur beskuldigde 2 verkrag en aangerand is nie, maar inderdaad deur beide die appellant en beskuldigde 2.

**[15]** Die klaagster was 'n enkel getuie oor wat daar in die veld met haar gebeur het en oor wie dit was wat haar aangeval het.

**[16]** Haar getuienis is nie vry van kritiek nie.

**[17]** Sy het byvoorbeeld in getuienis ontken dat 'n hangertjie ooit ter sprake was, maar dit het geblyk dat haar polisieverklaring wel 'n verwysing bevat het na so 'n insident. Dit raak egter glad nie die geskil tussen haar en die appellant nie, want dit was ook nie die appellant se saak dat daar so 'n insident was nie. Die insident rondom die hangertjie was 'n deel van beskuldigde 2 se weergawe.

**[18]** Nie een van die ander getuies wat ook by die drinkplek was, het oor so 'n insident getuig nie.

**[19]** Die klaagster het haar ook weerspreek oor presies watter tyd van die dag die aanval plaasgevind het en, meer spesifiek, oor hoe donker dit toe al was. Omdat die appellant se identiteit as 'n persoon wat wel daar in die veld in die klaagster se teenwoordigheid was toe sy aangeval is nie in geskil was nie, raak hierdie eweneens nie dit wat betreffende die appellant inderdaad in geskil was nie. Dit is immers nooit deur of namens die appellant gesuggereer dat daar ná sy vertrek 'n verdere persoon op die toneel kon verskyn het wat toe saam met beskuldigde 2 die klaagster aangeval het nie.

**[20]** Die klaagster het ook kleigetrap oor hoeveel alkohol sy by die kuierplek ingeneem het. Ook dit is egter nie relevant sover dit die appellant betref nie. Daar is of was tog geen suggestie deur of namens hom dat die klaagster se waarnemingsvermoë so aangetas is dat sy as gevolg daarvan later gedink het dat die appellant en beskuldigde 2 haar beide aangerand en verkrag het, soos deur haar beskryf, terwyl dit eintlik net beskuldigde 2 was nie. Op die appellant se weergawe sou die klaagster inderdaad leuenagtig en vals moes gewees het in haar ontkenning dat sy en die appellant afgespreek het om gemeenskap te hou, dat beskuldigde 2 toe daar die appellant kom skop het en dat beskuldigde 2 die enigste een was wat haar aangerand het en verkrag het.

**[21]** Die streeklanddros het bevind dat die klaagster ’n goeie indruk gemaak het as ’n getuie en ek kan geen basis vind vir inmenging met daardie bevinding nie.

**[22]** Daar bestaan na my oordeel in elk geval wesenlike stawing vir die klaagster se getuienis, ook vir sover dit op die appellant se weergawe in geskil was.

**[23]** Op die appellant se weergawe kan die getuienis van die klaagster dat twee persone weggehardloop het toe Mguye aangekom het, nie waar wees nie. Op die appellant se weergawe het hy die klaagster daar in die veld gelaat met net een persoon by haar, naamlik beskuldigde 2. Die klaagster se getuienis in hierdie verband is egter gestaaf deur Mguye, wat gesien het hoe twee mans weghardloop.

**[24]** Volgens die appellant was die klaagster nie nakend toe hy en sy daar in die veld gemeenskap wou gehad het nie. Net haar broek was volgens hom af. Volgens die klaagster is sy egter heeltemal naak agtergelaat deur haar twee aanvallers en het hulle met haar klere in hulle besit gevlug. Dit kan seker geargumenteer word dat beskuldigde 2 op die appellant se weergawe die klaagster verder kon uitgetrek het, alhoewel die appellant dit nie pertinent getuig het nie. Die feit is egter dat Mguye ook getuig het dat die klaagster heeltemal naak was toe haar aanvallers gevlug het.

**[25]** Op die appellant se weergawe het hy nooit gedreig om ’n klip op die klaagster se kop te gooi nie. Alhoewel beskuldigde 2 in ’n poging om hom van die toneel in die veld te distansieer beweer het dat dit by die kuierplek gebeur het, bevestig sy weergawe tog dat die appellant dit wou gedoen het en dat hy die appellant moes keer.

**[26]** Die appellant het homself ook in ’n wesenlike opsig weerspreek. Daar is eers namens hom gestel dat hy al besig was om met die klaagster gemeenskap te hê toe beskuldigde 2 hom daar kom skop het. Later was sy weergawe dat hy nog nie die klaagster gepenetreer het op die stadium toe beskuldigde 2 op die toneel verskyn het nie.

**[27]** In kruisverhoor namens die appellant is dit op ʼn stadium aan die klaagster gestel[3] dat, toe die appellant *"bykom"* na die skop, hy die klaagster se kêrel aangehardloop sien kom het en dat dit was wat hom laat weghardloop het. Toe hy gekruisverhoor is namens beskuldigde 2 het hy ontken dat dit so gebeur het en beweer dat hy bloot weggestap het van die klaagster en beskuldigde 2 af en dat beskuldigde 2 hom toe nog gevolg en gedreig het[4]. Interessant genoeg sou beide hierdie weersprekende weergawes egter inpas daarby dat twee persone saam van die klaagster af wegbeweeg het toe Mguye aangekom het.

**[28]** Ook op die getuienis en feite dus sien ek geen rede om met die streeklanddros se aanvaarding van die klaagster se weergawe en verwerping van die appellant se weergawe in te meng nie.

**[29]** Die appellant en beskuldigde 2 het duidelik beplan en saam opgetree in alles wat daar gebeur het en gevolglik behoort beide skuldigbevindings bekragtig te word.

**[30]** Die streeklanddros het bevind dat daar geen wesenlike en dwingende omstandighede was wat ʼn afwyking regverdig het van die voorgeskrewe vonnis van lewenslange gevangenisstraf wat gegeld het weens die feit dat die klaagster meer as een keer deur as meer as een persoon verkrag is.

**[31]** Namens die appellant is betoog dat sy persoonlike omstandighede onderbeklemtoon is en dat die erns van die misdaad oorbeklemtoon is. Daar is verwys daarna dat die appellant maar ongeveer 22 jaar oud was toe die misdade gepleeg is, dat die appellant byna 2 jaar verhoorafwagtend in hegtenis verkeer het, dat hy ongetroud was met geen kinders nie en by sy ouers gewoon het, dat hy werksaam was as ʼn arbeider en met sy inkomste van R1500.00 per maand ook sy ouers gehelp het en dat hy ʻn algehele eerste oortreder was.

**[32]** Ek is bevrees dat hierdie faktore, en self dan die appellant se status as ʼn algehele eerste oortreder en die periode wat hy verhoor

---

[3] Oorkonde: bladsy 101, reëls 11 tot 12
[4] Oorkonde: bladsy 227, reels 1 tot 13

afwagtend in hegtenis was, hopeloos oorskadu word deur die erns van sy optrede daardie aand. Wat betref die appellant se ouderdom, was daar geen getuienis dat hy onvolwasse was nie, laat staan nog dat dit ‘n rol sou gespeel het in die pleging van hierdie misdade. Die appellant was ten tye van die misdade al 22 jaar oud[5]

**[33]** Ek het reeds daarna verwys dat hy en beskuldigde 2 duidelik die aanval bepan het. Volgens die klaagster het hulle selfs om die een of ander rede hemde met mekaar geruil voor hulle haar daar in die veld ingewag het.

**[34]** Die appellant se deelname aan die onderwerping van die klaagster aan die vernedering van ’n gelyktydige vaginale en anale penetrasie deur twee verskillende mans, is moreel afstootlik en walglik om dit sagkens te stel.

**[35]** Dat die appellant toe in die proses die klaagster geslaan het en gebyt het, was verdere laakbare gedrag wat besoek moet word met ’n vonnis waarvan die erns die afkeur sal weerspieël wat sulke optrede by die normale gemeenskap daar buite sal verwek.

**[36]** Dat die appellant toe nog die klaagster met ’n klip op haar kop wou gooi, is uiters ernstig. Indien beskuldigde 2 hom nie gekeer het nie, kon hy op nog ernstiger aanklagte tereggestaan het. Die klaagster het, soos reeds gemeld, dit beskryf as ’n groot klip.

**[37]** Die feit dat die appellant betreklik lank verhoorafwagtend in hegtenis verkeer het, moet in elk geval gesien word in die lig van die feit dat die voorgeskrewe vonnis lewenslange gevangenisstraf is, en dat hier in die afwesigheid van wesenlike en dwingende omstandighede nie sprake sou wees van een of ander bepaalde termyn van gevangenisstraf waarteen die periode wat die appellant verhoorafwagtend in hegtenis verkeer het, afgespeel sou kon word nie.[6]

---

[5] **S v Matyityi** 2011 (1) SACR 40 (SCA) para [14]
[6] Vergelyk **S v ET** 2012(2) SACR 478(WCC**)[18]** en **S v M**2007(2)SACR0(W)[110]-[114].

**[38]** Selfs wanneer dit in ag geneem word, egter, is die voorgeskrewe vonnis van lewenslange gevangenisstraf *"compellingly the only manner that justice can be dispensed".*[7]

**[39]** Na my oordeel is daar dus ook in die appél teen die vonnis geen meriete nie.

**[40]** Ek maak dus die volgende bevel hierin:

**Die appèl teen aansien van die skuldigbevindings en die vonnis word afgewys en beide die skuldigbevindings sowel as die vonnis word bekragtig.**

---

[7] Vergelyk **Director of Public Prosecutions, Kwazulu-Natal v Ngcobo and Others** 2009 (2) SACR 361 (**SCA**) para [27]

______________________

**C J OLIVIER**
**REGTER**

**Ek stem saam.**

_______________________

**C C WILLIAMS**
**REGTER**

| | |
|---|---|
| **Nms Appellant:** | **Adv P J Cloete** |
| **Namens:** | **Regshulpsentrum , KIMBERLEY** |
| | |
| **Nms Respondent:** | **Adv N A Mxabo** |
| **Namens:** | **Direkteur van Openbare Vervolgings, KIMBERLEY** |